

14 September

Romeine 7:12-25

(Teks: 7: 24 en 25) Ons dood 'n afsterwe van sondes

"Ek ellendige mens" herinner aan 'n uitgeputte slaaf. Die sonde is 'n ondraaglike las. Die kind van die Here moet ook nog verlos word van die sondeheerskappy wat in die liggaamlike bestaan. So moet ons dan 'n radikale en diepgaande verskil tussen die dood van 'n gelowige en ongelowige sien. Die ongelowige neem sy sonde in die dood met hom saam. Sy ongeregtigheid bly nie agter nie. Die ongelowige sterf in en met sy sonde. Besoedeld sterf hy soos wat hy geleef het.

Die gelowige sterf anders. Hy ondergaan 'n radikale verandering in sy dood. Sy sondige aard en sondes bly agter. Hy sterf die sonde af. As 'n nuwe mens gaan hy die hemel in. Ons lê die sonde en ongeregtigheid af soos 'n vuil kleed wat verbrand word. Die liggaam sal eendag in onverderflike heerlijkheid weer opgewek word. Alle onvolmaaktheid bly vir ewig agter. Dit sal jou nooit weer inhaal nie. In die soenverdienste van Jesus Christus gaan jy na liggaam en siel skoon en rein die ewigheid in. Daarom sal die dood ook vir die kind van die Here 'n verlossing van sy sondelas wees.

Sing Psalm 38:1 en 15 Ds. H.B. van der Walt (Pietersburg-Noord)